



Geagte ouers, leerders en personeel

Te midde van baie vrae en onsekerheid, moet ons Maandag 01 Junie 2020, ons eerste groep leerders terug ontvang by Hoërskool Swartland. Ons kan u verseker, dat ons by die skool, alles binne ons wete en vermoë gedoen het, om te verseker dat ons die nodige veiligheids- en gesondheidsprosedures nakom. Ons kan u verder verseker ons is so gereed soos ons kan wees. Ons wil dan ook teenoor mnr. Schoonraad en sy span groot waardering uitspreek vir hulle harde werk tydens die voorbereiding vir ons kinders en ons personeel se veiligheid en ook vir die voortdurende versorging van ons kinders se skoolwerk, sodat die skooljaar in stand gehou kon word.

Ouers, ons besef u het baie vrae en onsekerheid oor die hoe en wat van die skoonmaak en skoonhou en ontsmetting van ons skoolterrein. Ons glo nie dis prakties moontlik om alles in die skrywe uiteen te sit nie, maar u kinders sal voor Maandag deeglik ingelig word sodat elkeen presies weet en verstaan wat van hom of haar verwag word. Ons wil dan ook u as ouers versoek, om ons hand te vat in dié verband. U sal moet seker maak dat u kind die erns van streng dissipline in die skool tydens die tyd, ter wille van hul eie veiligheid, besef en verstaan. Hulle moet verstaan dat die skool op die stadium geen afwyking en slapheid ten opsigte van die reëls t.o.v. die handhawing van gesondheid en veiligheid gaan duld nie. Dit is net ten tot voordeel van u eie kind, sy medeleerders en die personeel se veiligheid. Verder wil ons ook vra, dat u as ouers sal verstaan en ons ondersteun, dat daar baie streng reëls ingestel gaan word, ten opsigte van toegang tot die skoolperseel en as dit dan van tyd tot tyd frustrasie veroorsaak, verdra ons asseblief. Ons kan nie en sal beslis nie sommer net buite-persone en of ouers toelaat om die perseel te betree nie, veral nie wanneer ons leerders en personeel op die perseel teenwoordig is nie. Die reëls in die verband sal spoedig meer volledig aan u gekommunikeer word.

Dit bring ons by 'n ander baie netelige saak: Skoolfonds! Ons ervaar sedert 26 Maart 2020 'n groot afplating in skoolfondsbetalings. Ouers, ons verstaan dat daar van u is wat in baie moeilike finansiële situasies verkeer as gevolg van die Covid-19 inperkingsperiode, maar ons weet ook dat daar heelwat ouers is, wat nog elke maand hul volle inkomste ontvang het, maar ook nou opgehou het om skoolfonds te betaal. Ons wil regtig 'n ernstige beroep doen op die ouers, wat dit kan bybring, al is dit op die stadium ook slegs gedeeltelik, om u skoolfondsverpligtinge na te kom. Ons skool se finansiële beleid het nie verander nie en so ook nie die betaalreëls van die skool nie. Die skool het nie ontsien om ekstra onvoorsiene onkoste aan te gaan om ekstra reinigingsmiddels en toerusting te bekom om dit wat die Departement van Onderwys voorsien het, aan te vul om te verseker dat ons kinders en die perseel aan ander verdere reiniging blootgestel word nie. Hierdie toerusting kos geld en is 'n belegging in ons kinders se veiligheid. Die geld moet van iewers kom. So ons versoek u regtig ernstig: kom u verpligting teenoor die skool en u kind se veiligheid na en ondersteun ons met tydige betaling van skoolfonds.



---

Ons wil die ouers wat deur Covid-19 in 'n moeilike finansiële posisie geplaas is, versoek om spoedig met die skool kontak te maak en aanvaarbare reëlings te tref. Die skool is nie blind vir u omstandighede nie. Vroegtydige reëlings kan baie onaangenaamheid vir uself en die skool verhoed.

Ons wil afsluit deur te vra dat u die bestuurspan, personeel en beheerliggaam tydens hierdie onseker tyd sal vertrou. Maan u kind om hom of haar by die reëls te hou en hom of haar veilig te hou deur sosiale afstand te handhaaf. Ek self stuur my matriekkind Maandag met 'n geruste hart na Hoërskool Swartland, want ek vertrou die mense aan die stuur van sake. Ek vra dat u dieselfde gemoedsrus sal hê.

Aan die einde is dit nie in een van ons se hande nie, maar by HOM wat in beheer is van alles. Mag GOD ons en ons kinders ook beskerm en bewaar in die tyd.

ROCKIES GROETE

Voorsitter en Beheerliggaam  
Hoërskool Swartland

